Ps. 68: 9, 15 **Jona & die Heidene** 5. Glenmore 13.7.58
Ges. 60: 1, 2 Jona 1: 1–12. (v.d. Bosch). AfKp 19.6.60
~~Ps. ...~~ Ges. 157: 2, 3 Randburg 25.3.62

Jona 1: 8 – En hulle sê vir hom: Vertel ons tog om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het? Wat is jou nering? En waar kom jy vandaan? Wat is jou geboorteland, en uit watter volk is jy?

Watter eienaardige geskiedenis: 'n man wat probeer om van God af weg te vlug – asof enige mens ooit van God kan wegvlug! Maar meenie Jona te hard oordeel nie – elkeen van ons probeer een of ander tyd dieselfde ding! Onthou u nie hoe u dit ook probeer het?

Die man vlug – en hy het goeie rede om te vlug: want hy sit opgeskeep met 'n onmoontlike opdrag wat God hom gegee het: om 'n magtige wêreldstad met 2 milj. inwoners die oordeel v. God aan te kondig. Hoe voer 'n mens so 'n opdrag uit? Watter hoop het jy om te slaag? Om 'n ganse stad tot bekering te laat kom?

Maar dis nie Jona se moeilikheid nie – hy vlug nie omrede v.d. onmoontlikhd v.d. taak, die onvermoë ~~onbekwaamheid~~ wat hy voel – hy vlug omdat hy onwillig is, opstandig om d. sendingbevel te gehoorsaam. En daarom soek hy om so ver weg te vlug as moontlik – na Tarsis (nie d. Tarsis v Paulus in Klein-Asië nie maar 'n kolonie op d. suidweste v. Spanje) – ja so ver weg as moontlik – hoe verder hoe beter! Nie net alleen van God nie maar veral van hd. spul heidene v Ninevé!

En nou weet u wat gebeur het – van die storm wat God laat ontstaan, die vreeslike branders, die geweld v.d. golwe, die skreeuende wind, die benoude matrose wat elkeen roep tot sy god terwyl Jona lê & slaap totdat d. Kaptein in ontsteltenis hom wakkerskud (vs. 6) met die bevel dat hy ook tot sy God moet roep.

Toe dit alles nie meer help nie gryp hulle in hulle ontsettende nood na d. lot wat d.

uitspraak oor Jona gee: Jy is die man! En dan kan hulle nie wat neersien op hom soos die skuim v.d. bruisende golwe op d. skip: vs 8.

Uit hd. teks haal ons vdm. die volg. 4 gedagtes:

I Jona kom van v tog naby a.d. heiden: weg van Ninevé! Dit was hd. man se innigste begeerte & wens: ek wil met die bekering van d. spul heidene niks te doen hê nie. En dan gee hy pad – betaal hy sy reisgeld, gaan hy af na Jafo, klim hy af in die diepte van die skip & skakel hy af v.d. wêreld & d. heidene. „Ek is mos nou heeltemal weg van hulle!"

Mn. toe Jona hom kom kry kom hy tot d. rade ontnugtering: „Hier's hulle weer! Hier is hulle nog al die tyd net in ander vorm – hierdie klomp seemanne tesaam uit baie volke, elkeen met sy eie god, almal sonder die ware God. Asof God vir Jona wil sê: „Sien jy, Jona, jy wou wegkom van Ninevé omdat daar te veel heidene was na jou sin; en hier het jy hulle weer – aan jou deur" In skip!

Die hele wêreld saamgetrek in skip (demense, ...)

→ Watter ernstige uitgangspunt: nie meer of ver swerf om die heiden te gaan kersten in sy gebied; wind baie gou uit dat d. heiden besig is om jou te ontkersten in jou gebied!

→ Is dit nie waar dat baie kerkmense wat hulleself Xtene noem doodtevrede is as hulle die saak v.d. evangelisering v.d. heiden afgemaak het met 'n pond (of 'n paar pennies) op 'n sendingbyd., miskien nog met 'n vloek of 'n sug daarby

→ Terwyl God ons wil leer: jy kan nie so af v.d. heiden nie; daarvoor is d. prys wat Hy a.d. kruis betaal het ook vir hulle redding te hoog!

→ Is nie: hoe ver d. heiden v my – maar hoe naby of hoe ver is ek v hom (in my hart!).



II Jona slapend & tog skuldig a.d. nood v.d. heiden:

Terwyl die storm woed lê Jona vas a.d. slaap. En as hy wakkergemaak & tot verantwoording geroep word kan hy uiteindelik uit m.d. hoogste woord: „Want ek weet dat om my ontwil hierdie groot storm oor julle gekom het" (vs. 12). „Ek," sê Jona, „is skuldig aan julle nood. As dit nie vir my [illegible] van God was nie, sou julle nie in hd. ellende gewees het nie."

→ U en ek, ons ken almal iets v.d. nood v.d. heiden, sy bygeloof, sy terreur, sy vrees vir bose magte & tekens, sy onwil om hulpeloos uit sy ellendige toestand te red. „Maar," sê u, „ons as Xtene is mos nie aandadig aan hd. toestande nie – dit was daar lank voor ons enige heidene hier ken het!" // Dis waar, ja, – maar v.d. heidenvolke weet nie ons nie in aanraking was nie: maar is dit waar v. ongekerstende volke wat nie ons as Westerse Xtene reeds vir 3-4 eeue in nouer aanraking was? As ons getrouer en volledig en meer oortuig & op groter skaal die Evangelieboodsk. gebring het aan Asië, China, Indië, Afrika sou d. toestande nie vandag baie anders gewees het nie? Baie minder vyandskap, rewolusie, ontkerstening, geweld?

→ Het al staan gedink dat in byna al d. kolonisasie gebiede waar verdrukking & onrus d. hoofmotief was in die Westerling verdrukte? Terwyl waar kersten- d. hoofmotief was (Suid Korea) het God die deure oopgemaak? Wanneer ons d. heiden net sien as 'n ekon. bate (om vir ons goedkoop te bou, goedkoop te werk ens.) gewis besig om d. poort na d. heidenhart vir d. Ev. te sluit?

III Jona swygend & tog gedwing tot belydenis.

Jona bly doodstil totdat die lot hom dwing om te praat. ~~Maar hy praa~~ 'n Mens sou verwag het dat al die dinge Jona sou oortuig het dat sy roeping was om te getuig as gelowige: maar nee, hy verkies om sy verlede, sy roeping, sy godsdiens doodstil te hou – totdat die talle vrae van die heidene hom dwing om te antwoord.

→ ~~Ons is baiekeer so bang vir~~

→ Die wêreld, d. heidene vra vrae, wil weet: hoekom doen julle dit? Waarom handel julle so? Hoe pas dit in met julle Christendom? Baiekeer lê in die vrae 'n eerlike soeke opgesluit na God – baiekeer 'n gees van kritiek & vooroordeel. En nou kan ons, as ons wil, hd. vrae en kritiek & van ons afgooi en sê "Ek laat my nie deur sulke mense onder kruisverhoor neem nie" – maar sal ons afby nou? Nie eerder daardeur meer? ~~ons~~ hd. swakheid van ons kerk dat die mense aangeval het: die vrae is anders-as ons – al steek hy dit weg. En sy andersheid lê in sy lewensuitkyk, sy Godsbeskouing.

Uiteindelik kom Jona met sy belydenis – 'n Belydenis onder dwang (v. 9) – 'n Belydenis onder dwang het helfte v. sy oortuigingskrag verloor! [Walter Lüthi: brandersbreke, d. skip val, die wind ruk & pluk, d. seile fladder – en hier staan Jona op d. dek met 'n belydenis wat alles behels, alles verklaar, alles kan verander: "Ek vrees die Here, die God v.d. hemel, wat d. see & d. droë land gemaak het"



En daar staan vrees in d. harte v.d. heidene in: gevolg deur verwyt: "Wat het jy nou gedoen!"

a) "Hoe kan jy vlug vir so 'n God? Hoe kon jy waag om ons onwetend ons kragte te laat meet teen so 'n God?"

b) "Hoe bots jou ~~optrede~~ dade met jou woorde! Jou lewe met jou belydenis! Jona, as ons so 'n God geken het sou ons seker nooit so gehandel het soos jy nou doen nie!"

Bly dit nie ~~nie~~. nog altyd d. grootste struikelblok in die groei v.d. Xdom nie?

– "Julle vertel ons van naasteliefde – maar julle moor mekaar uit in een oorlog na d. ander"!

– "Julle bely Sondag na Sondag d. eenheid v.d. Kerk v Xt-Jesus, maar julle leef verdeeldheid"

– "Julle beweer dat Xt-Jesus d. enigste Saligmaker v.d. wêreld is, maar waarom offer julle dan nie baie meer op om ~~dit~~ hd. unieke Verlossingswoord aan alle volke, tale & nasies te bring nie!"

Dadelik afby vraag: die heiden gee reg tot beskuldiging nie – staan self skuldig! Nie dit onthef ons nie v. ons skuld nie!

Goddank: ① Hd. eerlike belydenis van Jona d. keerpunt in sy lewe: die begin van sy terugkeer tot God, sy onderwerping aan Gods wil.

→ Ons: waar daar eerlikheid is – van motief, van skuldbekenning, van doelstelling – daar gee God sy seën.

S+S

1) Belydenis van die waarheid, die Bdsk. v.d. Skrif i.v.m. die Xtene se verhouding tot ander volke & rasse

2) Belydenis van ons versuim, ons nalatigheid, ons onwil en vooroordeel as blanke Xtene.